HOËRSKOOL RANDBURG

8 Mei 2023

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NO. 3 VAN 2023

Geagte Ouers/Voogde

<u>Formele Toetsreeks vir Mei/Junie 2023: Graad 8 – Graad 12</u>

1. Die Formele Toetsreeks begin op die volgende datums:

GRAAD	DATUM	
12	Maandag, 22 Mei – Woensdag, 24 Mei	Verpligte skooldae
	Donderdag, 25 Mei	Blokdag- Leerders bly tuis
	Vrydag, 26 Mei	Eksamen begin
11	Maandag, 22 Mei - Woensdag, 24 Mei	Verpligte skooldae
	Donderdag, 25 Mei	Eksamen begin
10	Maandag, 22 Mei – Donderdag 25 Mei	Verpligte skooldae
	Vrydag, 26 Mei	Eksamen begin
8 & 9	Maandag, 22 Mei – Vrydag, 26 Mei	Verpligte skooldae
	Maandag, 29 Mei – Woensdag, 31 Mei	Verpligte Eksamenvoorbereiding
	Donderdag, 1 Junie	Eksamen begin

Formele Toetsreeksrooster is op D6 beskikbaar.

2. **Die verloop van die Formele Toetsreeks**

- Die leerders studeer tuis en kom slegs skool toe op die dag waarop hulle toets skryf. Leerlinge verdaag na afloop van elke vraestel. Sien die toetsrooster vir tyd geallokeer per vraestel.
- <u>Sessietye</u>

Sessie	Graad 8 - 12	
1	07:30 07:45 08:00 08:15 08:20 08:30	Open op vierkant. Leerders verdaag na toetslokaal. Leerders loop in toetslokaal in. Vraestelle word uitgedeel. Leestyd. Toets begin.

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: hsrandb@global.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Konsessies

Ekstra tyd en amanuenses word slegs vir leerders aan wie dit reeds toegestaan is, toegeken.
Ekstratydlokaal is in T13 (Gr. 8-11). Graad 12 ekstratydleerlinge skryf saam met die groep in die saal. Vir enige navrae kontak Me. N Mouton by die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid.

3. Afwesighede en laat kom gedurende die toetsreeks

3.1 'n Mediese sertifikaat is verpligtend met 'n geldige rede en moet by die SAU ingehandig word, voordat hy/sy die volgende vak skryf. Indien 'n leerder 'n toets mis sonder 'n doktersbrief sal hy/sy geen punte vir die vraestel ontvang nie. Briewe van ouers word nie as 'n geldige verskoning gesien nie.

3.2 Indien 'n leerder laat / afwesig vir 'n toets weens onvoorsiene omstandighede is, moet die ouers die skool in kennis stel voor aanvang van die vraestel.

4. Algemene reëls en dissiplinêre kodes

Daar word van die leerders verwag om stiptelik by die onderstaande reëls en dissiplinêre kodes tydens eksamensessies te hou.

- Die eksamenreëlings soos uiteengesit in dié omsendskrywe.
- Leerders daag slegs op met nodige skryfbehoeftes / tekenapparaat in 'n deurskynende sakkie. Geen tasse nie.
- Die skoolreëls t.o.v. voorkoms (kleredrag, haarstyle, skeer, rook, ens.) moet nagekom word.
- Geen artikels soos "walkmans", selfone, horlosiefone, radio's, "gameboys", "i-pods" en "mp3"-spelers met oorfone sal toegelaat word nie.
- Geen leerders sal toegelaat word om die klasse gedurende die toetssessie te ontwrig nie.
- Geen leerder sal toegelaat word om enige skryfbehoeftes te leen nie.
- Geen eet- of drinkgoed sal toegelaat word nie. Indien 'n leerder 'n mediese sertifikaat het wat aantoon dat die leerder water gedurende die sessie moet gebruik, sal dit toegelaat word.
- Geen leerder word toegelaat om die toetslokaal tydens die sessie te verlaat nie.

Daar sal streng by die toetsdatums en – tye gehou word. Ouers word gevra om nie versoeke te rig om enige vraestel vroeër te skryf nie. Dit kan ongelukkig nie gebeur nie.

Groete

E GOUWS: EKSAMENKOMMISSARIS

E MANS: AKADEMIESE HOOF

FORMELE TOETSREEKS: JUNIE 2023

GRAAD 11 - 1e sessie 8:30 - 12:00 **VRAESTELLE IN VETDRUK IS DEPARTEMENTELE VRAESTELLE**

2e sessie - Sien rooster vir aanvang van 2de sessie **EN KAN NIE GESKUIF WORD NIE**

Do. 25 Mei	Vry. 26 Mei	Ma. 29 Mei	Di. 30 Mei	Wo. 31 Mei	Do. 1 Jun	Vr. 2 Jun	Ma. 5 Jun	Di. 6 Jun	Wo. 7 Jun	Do. 8 Jun	Vr. 9 Jun	Ma. 12 Jun	Di. 13 Jun	Wo. 14 Jun	Do. 15 Jun	Vr. 16 Jun	Ma. 19 Jun	Di. 20 Jun	Wo. 21 Jun	Do. 22 Jun	Vr. 23 Jun
RTT (P) (3) Sessie 1: Begin 8:00 Sit 7:30 *B4, B5,B6 & B7*	Eng FAL P2 (Lit) (2) / HL (2½) *LO Saal & A8*	LW (2½) *Ouditorium*	IT (P) (3) Begin 8:00 Sit 7:30 *B4 & B5*	Drama (T) (2) Gesk (T) (3) Mus (T) (2) *Ouditorium*	**Eng** FAL **P1** (Lang) (2) **/ HL (2)** *Saal*	Afr. Vr1 (Taal) (2) *LO Saal*	Toerisme (2) *LO Saal*	RTT (T) (3) *Saal*	**REK (2)** Geo (2) Vis Kuns (T) (3) *LO Saal*	IGO (Meg) (2½) *LO Saal* Mus (Luistertoets) *Ouditorium*	**Wisk. (Alg) (1½)/ Wisk. Gelet Vr1 (1½)** *LO Saal*	**Wisk. (Meet Trig, Ana) (1½) / Wisk. Gelet Vr 2(1½)** *LO Saal*	Eko Vr 1 Makro (2) Ontwerp (3) *LO Saal*	**Bes Vr1 (2)** *A4*	**FW (Fisika) (2)** *LO Saal*	**JEUGDAG VAKANSIEDAG**	**FW (Chemie) (2)** *LO Saal*	**Bes Vr2 (2)** Mus (T) (2) Dans Studies (T) (2) *LO Saal*	GVS (2) *LO Saal* **RAND BURG** **LIN-DEN** **DER-BY**	Drama Praksties 8:00 – 14:00 Gesk (3) Begin 13;00 Sit 12:30 *LO Saal*	Eko Vr 2 Mikro (2) *A4*
RTT (P) (3) Sessie 2: Begin 12:00 Sit 11:30 *B6 & B7*			Afr. Vr2 (Lett) (2½) Begin 13:00 Sit 12:30 *LO Saal*		IGO (Siv) (2½) Begin 13:00 Sit 12:30 *LO Saal*	LO (1½) Begin 12:30 Sit 12:00 *LO Saal*	IT(T) (2½) Begin 12:30 Sit 12:00 *LO Saal*					Afr. Vr3 (Stelwerk) (2) Begin 12:00 Sit 11:30 *Saal*										

OGGENDPROSEDURE:

7:30 – Opening op vierkant

7:45 - Leerlinge verdaag na toetslokaal en gaan badkamer toe.

8:00 - Leerlinge loop in eksamenlokaal
Teenwoordigheidsregister & netheidskontrole word geneem.

8:15 - Vraestelle word uitgedeel.

8:20 - Leestyd.

8:30 - Vraestel begin.

Departementele Vraestelle in VETDRUK begin stiptelik om 9:00. Interne vraestelle op dieselfde dag sal saam om 9:00 begin.

Maandag 29 Mei 17:00 – 19:30 AD MATHS EKSAMEN